AfriForum | SOLIDARITEIT | SKOLE ondersteuningsentrum

## Implikasies van die Bela-wet

Die implementering van die Bela-wet hou ernstige bedreigings in vir die voortbestaan van Afrikaanse onderwys en gemeenskappe se beheer oor hul skole se taal- en toelatingsbeleide.

1. **Dit ondermyn ouerinspraak:** Die uitdruklike mag wat aan die departementele onderwyshoof gegee word om sonder raadpleging met skole se beheerliggame finale instruksies oor 'n skool se taal- en toelatingsbeleid te gee, ontneem die groter inspraak wat beheerliggame en ouers tot nou toe op die beleide gehad het.

2. **Dit bedreig Afrikaanse skole en kultuurgemeenskappe se voortbestaan:** Die geskiedenis wys dat Afrikaanse skole en universiteite wat gedwing is om Engels as 'n tweede voertaal in te bring, soos wat die onderwyshoof nou volgens die Bela-wet kan gelas, telkens tot eentalige Engelse instellings omvorm is. Dit hou 'n bedreiging in vir parallelmediumskole indien die owerhede in die toekoms sou besluit om die Konstitusionele Hof se uitspraak, dat parallelle Afrikaanse en Engelse klasse aan die Universiteit van die Vrystaat segregasie bevorder en dus ongrondwetlik is, ook op skole af te dwing. Die vernietiging van Afrikaanse skole is 'n aanval op die voortbestaan van Afrikaanse kultuurgemeenskappe.

3. **Dit teiken slegs Afrikaans en Afrikaanse kinders:** Die geskiedenis wys dat geen druk op enige Engelse skool geplaas word om Afrikaans ook as voertaal aan te neem nie. Die Bela-wet se artikels oor taal is dus uitsluitlik op Afrikaanse skole gemik.

4. **Dit ondermyn moedertaalonderwys:** Sou Afrikaanse kinders van moedertaalonderrig ontneem word, is dit 'n stap om eentalige Engelse onderrig as norm te verskans. Dit sal die uitbreiding van die reg op moedertaalonderrig vir alle taalgroepe bemoeilik.

5. **Sentralisering van mag:** Deur beheerliggame se magte oor 'n skool se taal- en toelatingsbeleid in die hande van departementele amptenare te plaas, word gemeenskappe van hul vermoë en verantwoordbaarheid ontneem om oor hul eie skole se belange te besluit. Die Suid-Afrikaanse Skolewet bied voldoende meganismes om te verhoed dat beheerliggame hierdie magte misbruik.

6. **Dit verbreek die gees van die 1994-ooreenkoms en die Regering van Nasionale Eenheid (RNE)-ooreenkoms:** Die Bela-wet verbreek die 1994-ooreenkoms waarin die voortbestaan van kultuurgemeenskappe gewaarborg word. Dit verbreek ook die gees van die RNE-ooreenkoms wat veronderstel is om samewerking te bevorder, en ontneem gemeenskappe van hul demokratiese reg op inspraak ten opsigte van aangeleenthede wat hulle raak en van hul reg op prosedurele billikheid. Deur beheerliggame se magte te beperk, word ons skole blootgestel aan groter risiko van wanbestuur en politieke inmenging.

7. **Dit misken gemeenskapsbydraes:** Afrikaanse skole floreer danksy ouers en gemeenskappe se betrokkenheid en finansiële ondersteuning. Die Bela-wet bedreig hierdie sukses deur algehele beheer aan die staat te gee ondanks die staat se beperkte finansiële bydrae. Die wet trek 'n streep deur gemeenskappe se inspraak in en eienaarskap by skole, terwyl die toestand waarin disfunksionele skole verkeer, geïgnoreer word.

8. **Steeds te min skole:** Afrikaanse skole is tans oorvol, veral in Gauteng en die Wes-Kaap, terwyl die aantal beskikbare Afrikaanse skole steeds afneem. Die Bela-wet bied geen oplossing vir die tekort aan funksionele skole nie, maar kan goeie enkelmedium- Afrikaanse skole benadeel deur hulle te dwing om Engelse leerders in te neem.

9. **Betekenislose appèlprosedure:** Die appèl na die LUR van onderwys is nie betroubaar nie aangesien daar dikwels politieke belyning tussen die LUR en die departementshoof van 'n provinsie is.

Die wetgewing soos dit tans lees, is 'n bedreiging vir Afrikaanse moedertaalonderrig en sal tot die marginalisering van Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe lei. Artikels 5 en 6 moet hersien word om die grondwetlike regte van alle gemeenskappe te respekteer. Indien nie, sal litigasie onvermydelik wees.